# Kerskamp ~ Mountain Breeze 2010 [1]



Van vroeg Vrydagmiddag af het die woonwaens op Mountain Breeze begin aankom vir ons jaarlikse Kerskamp. Party manne was so gelukkig om al Donderdagaand deur te gaan en sommer net lekker saam te kuier en ontspan vir 'n ekstra aand!



Vrydagaand met inbetaling, het al die lede 'n lekker verrassing gekry toe daar geskenkies vir almal uitgepak was, lede in een ry en kinders in 'n ander ry!! en daar was ietsie vir almal. Kyk net hoe pragtig staan alles hier verpak! Links – Albatros t-hemde vir die kinders – regs - heerlike kerskoekies en onder - 2 glase vir elke woonwa. Baie dankie aan ons lede en skenkers van buite wat dit alles vir ons moontlik gemaak het, Louise/Anita, Joanne/Ockie, Belinda/Vickey en Benita/Alex! Dit word opreg waardeer!









Links ontvang Hanlie Fourie hulle kersgeskenke en onder is Ds Stoffel en Tannie Petra.



Onder: Jaap & JC Weij



Onder: Schalk & Antoinette v Wyk.





Links:
Anita & Wiaan Hanekom.

Regs: Doreen & Maurice Nepgen.





Links en onder oorhandig Joanne hul geskenkies aan Johan Smith, Fred Schmiedeskamp en die seuns kry hul t-shirts - & Danny.





................2 vervolg

# Kerskamp ~ *Mountain Breeze 2010* [2]

Verder is daar Vrydagaand lekker saamgebraai in groepies oral by die woonwaens, en lekker saamgekuier en gesing tot laataand!!







Ons woonwaens was mooi versier met kers-liggies! Baie dankie aan almal wat meegedoen het om jul waens so mooi te versier!

Dit was 'n fees!!



Saterdag was ‘n groot woeligheid om alles gereed te kry vir ons heerlike Saterdag-aand kersete. Alle voogdegroepe het saamgewerk om al die kos voor te berei. Onder is Louise en haar groep besig met die voorbereiding van die aartappelslaai. {Louise, Belinda, Janita & Benita}



Benita en Louise – maak alles mooi toe, ons wil nie hê daar moet nou iets verkeerd gaan nie!





Hier is die dames besig met die voorbereiding van die koolslaai wat saam met die braaivleis opgedien is. {Marietjie, Hester en Karien, hard aan die opsny en fynkap}.

Regs is Rhona en Tannie Petra ook aan die koolslaai opsny.



Onder die bekwame hand van Christo, het ons Trifle ook mooi vorm aangeneem!

Dames het net help fynsny en oppak.



3 vervolg .....

# Kerskamp ~ *Mountain Breeze 2010* [3]



Hier is links – Betsie en regs Marieta, besig om vir ons die heerlike mengelslaai gereed te kry.





Intussen het die klomp in die saal soos miere gewerk om al die tafels gedek en mooi versier te kry. Dit is nou met blomme/ kersversierings/ blinkertjies en kerse en al!
Dit het te pragtig gelyk. Baie dankie aan almal wat so hard gewerk het om dit vir ons so ‘n lekker aand te maak.





Die manne het natuurlik hulle kant buite gebring met die braai van ons vleis, wors en sosaties. Baie dankie, dit was heerlik en almal het baie komplimente gegee op die lekker ete.

Nadat alle voorbereidings afgehandel is, het almal bietjie gerus. Daarna het ons die aand bymekaargekom vir ons kersprogram. Eerstens het ons predikant Ds. Carika Hanekom, opgedaag as 'n *"Engel KiKi"* – spesiaal vir 'n programmetjie eers vir die kinders! Hul het hulle ingeleef in die uitbeelding van die kersverhaal en uitbeelding van Jesus se geboorte.
Regs is Carika met haar vlerke op die verhoog te sien. Onder sit die kindertjies by haar. Nadat hul gedeelte afgehandel is, is die boodskap ook aan die hele groep gebring en het ons ook lekker kersliedere saamgesing.





Nadat ons kersprogram afgehandel is, het Johannes Knipe – onder-voorsitter vir ons die voorsitterstee waargeneem aangesien ek siek was en my stem byna heeltemal weg was. Alles het baie goed afgeloop.





Die 2 wenners van ons lootjies wat getrek is:
Links: Die vrugteruiker is gewen deur Marius vd Mescht.

Die 'shotglasies'-houer en Amarula en wyn is gewen deur William en Annari Lilly.

WENNERS!

Baie geluk aan die 2 pare en baie dankie vir al die Albatrossers se ondersteuning vir hierdie lootjies!




4 vervolg .....

# Kerskamp ~ *Mountain Breeze 2010* [4]



Nadat al hierdie formaliteite afgehandel is, kon die kinders natuurlik nie wag dat Kersvader sy verskyning moes maak nie ~ en toe hulle die klokkie hoor lui, het almal vinnig nader gekom en hom verwelkom!







Hier is kersvader besig om met ons kinders te gesels en hulle geskenkies uit te deel. Hulle het dit baie geniet!!

GESEENDE

KERSFEES





Terwyl die kinders daarna besig was om hulle geskenkies oop te maak en lekker saam te kuier en gesels, het die res van die grootmense begin met hul voorgereg – wat ‘n heerlike broodtafel was – behalwe vir allerhande lekker soutighede en dips, was daar natuurlik ook ons eie tuisgebakte brode en konfyte. Baie dankie aan ons baksters, julle is ware staatmakers!

Daarna het almal weggelê aan ‘n heerlike kersete van: voorgereg: broodtafel, hoofgereg: braaivleis/ wors / sosatie en mengelslaai, koolslaai en aartappelslaai en dan was daar ‘n heerlike trifle as nagereg. Dit is afgesluit met ‘n lekker koppie koffie.

Almal het die aand verder lekker saamgekuier en gesels tot laataand. Daarna is die saal vinnig opgeruim en verder by die woonwaens gekuier.

Wat ‘n lekker dag!





**<u>OPSOMMING UIT DIE VOORSITTERSVERGADERING:</u>**

31 Woonwaens het die kamp bygewoon.

*Lief*: Johlene v Eyk was in hospitaal vir visgraat wat verwyder moes word. Anita Hendriks was siek – maar het ook weer mooi herstel. Kobus Theart het ‘n nuwe sleepvoertuig.

*Leed*: Rene Kok se ma is oorlede – ons innige simpatie aan hul gesin. Louise Thiart is nog in intensief na 2 galblaas operasies. Tossie Roux se suster is nog siek met maagkanker.

Sy is tans daar op besoek en help bietjie uit. Josef Joos se fabrief het afgebrand – alle sterkte ook aan hulle gesin. Johannes Knipe was in vir toetse en het ‘n vergrote aorta-aar om die hart. Hy moet nou net rustig wees en eers pille gebruik om te sien of dit kan help – anders sal daar opereer moet word. Sterkte ook aan julle.

- Maak asb maar baie seker dat alle elektriese goed in die aande weggepak word, asook alle fietse wat nie weggepak kan word nie – moet gesluit word. Daar is ‘n fiets gesteel by Marius by Ou Skip.
- Ons gaan 2011 afskop by Ou Skip met ‘n Vrugtefees by die swembad!
- Ons beplan vir Februarie ‘n Voogdenaweek wat ‘n Safari-ete insluit. Fred het gevra dat ons 10 borge @ R200 elk - benodig om te help met die aankoop van die naweek se kos, sodat lede nie ekstra hoef te betaal daarvoor nie – en baie dankie aan almal wat sommer dadelik aangebied het, ons staan reeds op 13 borge!!! Kom ons probeer om nog 2 te kry – dan is ons 15 *{bel asb as jy ook belangstel om as borg op te tree}*!! Baie dankie aan almal wat so spontaan aangebied het: Ons gaan jul nog adverteer as borge op daardie naweek ook – voorlopig solank dankie aan: Duane Coetzee, Dries Theart, Kobus Theart, Fred Schmiedeskamp, Johan Smith, Schalk van Wyk, Cor Stofberg, Johannes Knipe, Frikkie Fourie, Martin Keulder, Wiaan Hanekom en Robert v Eyk!! Ons manne van staal!
- Ons Kongres van 2011 word een naweek later geskuif: sal dus nou 15 Okt. 2011 plaasvind.
- Op ons volgende kamp sal ‘n volledige toerplan van ons Wes-Kus toer aan lede bekendgestel word – ons sal bly wees indien u dan ‘n aanduiding sal kan gee of u belangstel om wel op die toer te gaan, aangesien ons plekbesprekings sal moet begin doen.
- Deel van ons versoring van nuwe lede sluit in: hul sal vir 3 maande deur die lid versorg word wat hul gebring het om aan te sluit, daarna sal daar elke maand ‘n ander bestuurslid na die nuwe lede omsien totdat ons deur die hele bestuur is, dit is dan vir ‘n jaar wat die lid versorg is – en teen daardie tyd behoort hulle almal in die klub reeds goed te ken – en goed ingeskakel te wees. Alle lede moet asb help om nuwe lede te laat welkom voel en inskakel. Ons wil tog almal Lekker Saam Kamp.
- Daar sal in Januarie 2011 vir ons ‘n begroting opgestel word vir volgende jaar om te help met kampbeplannings en ook ons uitgawes vir ons kerskamp.
- Gedurende Januarie sal ‘n kwartaalvergadering gehou word en Albatros huisreëls sal ook weer bespreek en opgeknap word. Alle lede sal van die huidige huisreëls voorsien word, sodat u u solank daarvan kan vergewis. Dit sal ook op Albatros se webblad geplaas word. Dit moet ook altyd aan nuwe lede voorgehou word deur die lid wat hul bring om aan te sluit sodat hul ook kan weet wat ons klub se huisreëls is.
- Ons wag nog vir die laaste Sawa klere wat bestel is, hul het nou ‘n nuwe verskaffer en dit gaan eers in volgende jaar kom.
- Albatros se vaardigheidslysie is op die kamp uitgedeel en sal ook op die webblad geplaas word. Laat weet gerus indien jy jou naam wil byvoeg.

***Bedankings:***

*Ons wil net graag almal bedank wat hierdie heerlike naweek met ons kom deel het ~ sonder julle sou ons niks kon doen nie!*

Baie dankie aan almal wat voor die tyd al begin werk het, vir Esmé, Doreen & Tannie Petra vir die bak van die brode, Tossie vir die konfyte. Alle lede wat gehelp het met aankoop van slaaigoed en die maak van die slaaie – alles het heerlik gekom. Joanne vir die aankoop van die vleis en die manne vir die

braai daarvan – jul het jul goed van jul taak gekwyt! Christo – vir die bring van die Baymarie om ons kosse warm te hou en al jou lekker groot bakke! Johannes vir die maak van ons tafelversierings. Al die geskenkies vir die lede: Anita/Louise en Joanne/Ockert. Vickey & Belinda vir die kerskoekies. Benita en Alex vir die t-hemde van die kinders. Alma vir die opmaak van die kersboom en die pakkies vir ons kinders – hulle het dit baie geniet! Louise vir almal se kerskaartjies! Ds Carika Hanekom vir ons kersboodskap. Marius/Kersvader – vir die kinders se geskenkies se uitdeel. Verder vir almal wat hul beskeie deeltjie gedoen het met voorbereiding en mooimaak van saal en skoonmaak agterna – julle is 'n wenspan!!!

Heeltemal te gou was ons naweek dus alweer verby, en almal weer Sondag op pad huistoe!!





*'n Baie Geseënde Kersfees en voorspoedige 2011 word al ons Albatrossers toegebid!!*

*Mag jul Baie, Vreugde, Vrede en Geluk ervaar in die Kerstyd!!!*

*Veilig sleep en lekker uitrus ~ sien in 2011*

*{saamgestel deur}*
*Corrie Schmiedeskamp*
*Voorsitter*
*ALBATROS*

[Fotos gebruik van: Corrie, Joanne & Louise]